NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
19 NOVEMBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 45

Blitspos

Watter evangelie?

Oor 'n bietjie meer as 'n week breek die begin van die kerklike jaar aan. In die eerste vier Sondae van die kerklike jaar, die tyd wat Kersfees voorafgaan (Adventstyd), wag Christene wêreldwyd in dankbaarheid en met vreugde op die viering van die koms van die Here Jesus Christus. Dit is 'n tyd waarin daar gedink word aan die misterie van die menswording van die Seun van God. Hieroor jubel Christene want in Jesus se menswording lê daar ook die troos opgesluit dat Jesus Christus, nie net eenmaal in die geskiedenis nie, maar steeds elke dag deur sy Woord en Gees na mense toe kom daar waar hulle leef.

'n Verdere troos in Jesus se menswording lê ook daarin dat Hy later in my en jou plek aan die kruis sterf en uit die dood opstaan. Daarmee breek Hy deur die grense van tyd en ruimte en wys so dat Hy die dood oorwin. Hy verlos my van sonde en dood. Op grond van sy opstanding kan die dood my nie van God af weghou nie. Die pad na God toe is nou vir my oop danksy Jesus se opstanding.

Dit is die goeie nuus, die blye boodskap – die evangelie!

Toe Markus rondom die jaar 70 nC sy weergawe van die Jesusverhaal geskryf het, het die begrip evangelie 'n ander betekenis gehad as vandag. In die wêreld waarin Markus geleef het, het evangelie eerder 'n politieke as 'n godsdienstige betekenis gehad.

In die Romeinse Ryk het die Latynse term *evangelium* wel *goeie nuus* beteken, maar teen 'n ander agtergrond.

Wanneer 'n seun vir die Romeinse keiser gebore is, moes hierdie goeie nuus deur die hele Romeinse Ryk versprei word. Dit is as *evangelium* beskou, die goeie nuus dat daar vir die keiser 'n opvolger gebore is. Die mag van die keiser kon in die familie bly deurdat sy eie seun eendag in sy plek sal regeer.

Wanneer die Romeinse leër van 'n veldslag as oorwinnaars teruggekeer het, moes hierdie goeie nuus as *evangelium* dwarsdeur die Romeinse Ryk versprei word sodat al Rome se onderdane kennis kon neem van die mag van die Romeinse leër.

In hierdie Romeinse wêreld waag Markus sy lewe wanneer hy die verhaal van Jesus begin vertel. Hy begin die verhaal met die stelling: *Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só* (Mark 1: 1, AFR83). Markus gebruik die Griekse ekwivalent vir *evangelium*.

Hiervoor kon hy letterlik die doodstraf kry omdat hy die goeie nuus van die geboorte van Jesus Christus belangriker geag het as die *goeie nuus* dat daar 'n seun vir die keiser gebore is. Markus waag nog meer wanneer hy in 'n wêreld waar geglo is dat die keisers seuns van die gode was, dit as evangelie bestempel het dat Jesus Christus die Seun van God is.

Die gevaar bestaan dat ons verskillende dinge wat vir ons belangrik is, dalk onwetend tot *evangelie* verhef – die evangelie van die eie-ek wanneer ek tydens die feesseisoen my rykdom ten toon wil stel om aansien te kry, of die evangelie van geld om met duur geskenke te beïndruk.

In 'n wêreld waar verskeie dinge as *evangelium* beskou is, het Markus sy lewe gewaag om te verkondig dat daar net een evangelie is – dié van Jesus Christus, die Seun van God. Mag ons aan die begin van die nuwe kerklike jaar, terwyl ons in dankbaarheid en met vreugde wag op die koms van die Here Jesus, die een en enigste evangelie vier en verkondig: *die geboorte van Jesus Christus, die Seun van God.*

Dr Robert Jones
(Derdepoort/Villieria)

VINNIGE NUUS

LIEF EN LEED
VERJAARSDAE
VERGADERINGS (GEEN)
GEMEENTES EN BEDIENING
WERKGELEENTHEDE (GEEN)
KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
KOM KYK EN LUISTER SAAM
LIED VAN DIE WEEK
'N GEDAGTE
FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
SP ENGELBRECHT-MUSEUM
TOERUSTING
JONG VOLWASSENES
BARMHARTIGHEID
GEBED VIR DIE WEEK

“ Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes. ”

“ Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie. ”

www.nhka.org

Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

LIEF EN LEED

Dr Marina Kok-Pretorius (Potchefstroom) en **ds Waldo Pretorius** (Ventersdorp) se eersteling, **Wiljo**, is op Vrydag 13 November gebore. Wiljo se naam is 'n samevoeging van oupa Kok en oupa Pretorius se name. Die Kerk deel in dr Marina, ds Waldo en hulle familie se opgewondenheid oor Wiljo se geboorte. Mag hy vir julle baie vreugde bring. Wiljo is **ds Willem Kok** (Potchefstroom) se kleinseun.

Ds Johan Bezuidenhout (emeritus/Bybelgenootskap) se vrou, **Ronél**, het 'n groot rugoperasie ondergaan en sterk tans tuis aan. Die Kerk bid vir haar spoedige herstel.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het verlede Donderdag van die volgende lief en leed verneem:

- **Ds Rheta Losper** se nege maande oue **seun** se ontwikkeling vorder baie goed ná die probleme met sy voetjies wat hy by geboorte ervaar het.
- **Ds Fanie Beukes** (Laeveld) het 'n beroep na die NG Gemeente Nooitgedacht te Bronkhorstspruit aanvaar. Hy word op 25 Desember 2026 van Gemeente Laeveld losgemaak.
- **Ds Innes Benadé** (emeritus/Oudtshoorn) se vrou, **Greta**, het geval, haar enkel gebreek en haar rug beseer.
- **Oudl Joël Fourie** se vrou, **Rosemary**, het Vrydag 'n rugoperasie ondergaan.
- **Oudl Hannes Venter** se **ma** is ernstig siek met kanker. Sy was gehospitaliseer, maar is nou weer tuis.
- **Oudl Christa Clifton** het geval en haar gewrig gebreek, maar gaan met die hulp van 'n stut voort met haar daaglikse roetine.
- **Di Janine Bevolo-Manders** (Witfontein) en **Jimmy Manders** (Witfontein) se dogter, **Timoné**, is tydens 'n top-30-funksie van die PGDAS (BCom Rekeningkunde-honneurs) as die sesde beste student in haar graad gekroon.

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **27 November**. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.

Vrydag
20
November

Prof J (Johan) Buitendag
Emeritus

Vrydag
20
November

Ds CJA (Cornie) Pieterse
Emeritus

Sondag
22
November

Dr PB (Piet) Boshoff
Emeritus

Sondag
22
November

Ds PR (Rudi) Janse van Rensburg
Swellendam

Sondag
22
November

Ds LS (Lammert) van Rooyen
Lichtenburg-Oos

Maandag
23
November

Ds ME (Mariaan) Beukes
Siekte-emeritaat

Maandag
23
November

Ds HS (Henk) Joubert
Welgelegen-Pietersburg

Dinsdag
24
November

Dr GJ (Gerhard) Niemann
Viljoenskroon

Dinsdag
24
November

Ds JJ (Jacques) Pieterse
Laer Suidkus

Dinsdag
24
November

Ds CAP (Neels) van Tonder
Emeritus/Boksburg

Woensdag
25
November

Ds H (Hanri) Reichel
Olifantsfontein

Vrydag
27
November

Ds MA (Michael) Müller
Potchefstroom-Studente

GEMEENTES EN BEDIENING

'n Besonderse dag van geloof en verbondenheid by Montana-Oos: Sondag 15 November 2026 was 'n besondere en vreugdevolle geleentheid in die lewe van Gemeente Montana-Oos toe ses jongmense die geleentheid gekry het om in die openbaar belydenis van hulle geloof af te lê. Hierdie besondere mylpaal was nie net vir die jongmense self 'n betekenisvolle gebeurtenis nie, maar ook vir hulle ouers, families en die gemeente, wat saam met hulle aan hierdie geloofsreis kon deelneem.

Wat hierdie geleentheid nóg meer besonders gemaak het, is dat vier van die ses jongmense – Marissa en Hanno Kotze asook Stephanie en Niconé van Wyk – in Botswana woonagtig is. Hulle is deur middel van aanlyn kategese vir hierdie belangrike stap in hulle geloofslewe voorberei. Dit is 'n mooi voorbeeld daarvan dat afstand nie noodwendig 'n struikelblok hoef te wees om die werk van die kerk voort te sit nie. Met behulp van moderne tegnologie kan ons steeds onderrig gee, geloof versterk en jongmense begelei om hulle plek in die kerk en geloofsgemeenskap in te neem. Dit herinner ons daaraan dat die kerk se roeping nie deur geografiese grense beperk word nie. Waar daar 'n bereidwilligheid is om die evangelie te verkondig en mense in die geloof te begelei, kan nuwe moontlikhede geskep word.

Ons is dankbaar teenoor hierdie vier jongmense asook, Marlie Deysel en Casmari Joubert van Montana-Oos, wat hierdie belangrike geloofstap geneem het. NHKA Montana-Oos is trots op julle en bid julle God se seën toe vir die pad vorentoe.

Ds Frikkie van Wyk
(Montana-Oos)

Ring van Klerksdorp se Kerssangdiens: U word hartlik uitgenooi na ons ring se Kerssangdiens by Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester. Kom luister na die verhaal van Jesus se geboorte en sing lekker saam met die gemeentes in ons ring!

Datum: Sondag 22 November 2026 om 09:00
Adres: Charel de Klerkstraat 10, Klerksdorp

Pretoria-Oos se Kerssangdiens: U word hartlik uitgenooi na Gemeente Pretoria-Oos se Kerssangdiens, *Min het hulle geweet...*, saam met die Vox-kamerkoor. Beleef 'n aand van pragtige musiek, sang en Kersfeesvreugde saam met ons!

Datum: Sondag, 22 November om 18:30
Adres: Delyweg 100, Waterkloofpark

Legitimasie 2026: 'n Nuwe hoofstuk in die Hervormde Kerk se verhaal het op Donderdag 12 November 2026 by Gemeente Philadelphia aangebreek. Vier studente is amptelik tot die evangeliebediening toegelaat en beroepbaar gestel. Hulle is **prop Hercules Jakobus Boshoff, prop Rolandi Mc Geer, prop Dawid Van Rooy Van den Berg en prop Rika Van Staden**. Vier nuwe stemme, vier unieke verhale, maar een gemeenskaplike opdrag: om die evangelie te verkondig en Christus se kerk te dien.

Die pad na hierdie besondere oomblik het egter nog een belangrike tree ingehou. Die vier kandidate moes eers voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verskyn, waar hulle die geleentheid gekry het om vrae te beantwoord nadat hulle Proponentseksamenverslag behandel en hulle kerklike opleiding afgehandel is. Daarna het familie en vriende by hulle aangesluit vir die erediens en verrigtinge. Die geleentheid het 'n besondere familie-inslag gehad toe dr PB Boshoff, pa van prop Hercules Boshoff, die erediens behartig het. Die Kerk wens julle voorspoed toe. Mag julle met geloof en ywer die pad vorentoe aanpak!

Gemeente Laer Suidkus nooi vakansiegangers na ons eredienste gedurende die feestyd.

Port Edward:	Elke Sondag om 08:00 in die saal van Port Edward Primary School, Fifeweg, Black Rock, Port Edward.
Port Shepstone:	Elke Sondag om 09:30 in die kerkgebou te Scottstraat 3, Beachfront, Port Shepstone.

Spesiale dienste:

- Geloftedag: Gesamentlike erediens met die NG Gemeente Port Shepstone in ons kerkgebou te Scottstraat 3. Die erediens word deur ds Jacques Pieterse gelei.
- Kersfees: Port Edward om 08:00. Erediens word deur ds Jacques Pieterse gelei.
  Port Shepstone om 08:00. Erediens word deur dr Rias Loots gelei.

Gemeente Laer Suidkus het 'n nuwe skriba en 'n skriba vir registrasie aangewys:

Skriba:	Gerald Ward, 078 956 0126, **gward54@gmail.com**
Skriba vir registrasie:	Theuns Koekemoer, 082 468 0185, **theuns.koekemoer@gmail.com**

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Gemeentenaam
Gemeentebesonderhede
NHKA
Januarie 2027
THE KINFOLK HOME
AT HOME

Die Kerkkalender vir 2027, wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

Emerituspredikante wat die ***Almanak en Bybelse Dagboek*** gratis as pligeksemplaar ontvang, kan kies om eerder die ***Bybelse Dagboek in Grootdruk*** te ontvang. Die ***Almanak en Bybelse Dagboek*** bevat beide die dagstukkies én gemeentelike inligting. Die ***Bybelse Dagboek in Grootdruk*** bevat slegs die dagstukkies, maar in 'n groter en meer leesbare lettergrootte. Kontak asseblief vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u keuse aan haar deur te gee.

Bybelse Dagboek in GROOTDRUK

Die inhoud is identies aan die *Bybelse Dagboek*-gedeelte van die bestaande *Almanak en Bybelse Dagboek*.

Hierdie boek word slegs op aanvraag gedruk en geen voorraad is vooraf beskikbaar nie.

Hou asseblief in gedagte dat daar 'n produksietyd is, so aflewering kan 'n paar dae neem.

R290 (versending uitgesluit)

Bybelse Dagboek en Almanak

Belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek **in een omslag**.

R200 (versending uitgesluit)

Bestel by boekwinkel@nhk.co.za

Bybelse Dagboek 2027 in grootdruk
Bybelse Dagboek 2027 | NHKA
Bybelse Dagboek 2027
NHKA 2027
2027 Almanak

Om die Bybel (beter) te verstaan

Hierdie is 'n herdruk van dr Gert Malan se boek, *Om die Bybel (beter) te verstaan*. Die publikasie is daarop gemik om lidmate te help om die Bybel verantwoordelik te lees en die boodskap daarvan beter te begryp.

Plaas u bestelling om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

R80
Om die Bybel (beter) te verstaan
GERT MALAN

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

R160 (versending uitgesluit)
'N WOORD VIR ELKE DAG
'N WOORD VIR ELKE DAG

Plaas u bestelling om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

Ná die gewildheid van Volume 1 volg 'n tweede bundel Gedagtes vir die Dag.

Hierdie opvolgboek bou voort op dieselfde beginsel: daaglikse oordenkings uit die NHKA *Bybelse Dagboek*, saamgevat om u te laat stil word, na te dink en moed te skep.

Of u elke dag 'n gedagte lees of af en toe daarin blaai – mag Volume 2 ook vir u 'n getroue metgesel op u geestelike reis wees.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u bestelling te plaas.

KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk *hier*

Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

BYBELSE DAGBOEK 2026

LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

Lied 326: 1-4 – Maak oop die poorte, deure, wyd!

Maak oop die poorte, deure, wyd!
Die Koning kom in heerlikheid!
Oorwinnend kom Hy aangery
met klere voor Hom uitgesprei.
Die Heerser van die hemelryk
is ook ons Heiland tegelyk.
Ons gee die Koning eer!
Ons prys u Naam, o Heer!

Sy wese is geregtigheid;
sy sieraad is sagmoedigheid;
sy koningskroon is heiligheid;
sy septer is barmhartigheid.
Ons maak aan Hom ons skuld bekend.
Aan al ons nood maak Hy 'n end.
Hy kom, die Heer so groot!
Maak oop, maak oop die poort!

Geseënd is die een wat Hom
as Koning groet wanneer Hy kom;
gelukkig dié wat Hom verwag,
wanneer Hy weer kom vol van krag.
Hy is die son van ware vreug
en Hy verlig ons. Sing verheug:
Ons gee die Koning eer!
Ons prys u Naam, o Heer!

Maak oop die poorte; wees gereed,
Hy kom wat Jesus Christus heet.
Met liefde en geloof versier,
sal ons vol vreug sy aankoms vier.
Hy kom, beklee met glans en prag,
na elkeen wat sy koms verwag.
Hy kom, die Heer so groot!
Maak oop, maak oop die poort!



Advent – Christus, die Koning, kom – Lied 326

Die oorspronklike teks
Die woorde van Lied 326 is deur Georg Weissel, 'n Duitse Lutherse predikant en kerklieddigter, geskryf. Hy is in 1590 in Domnau, Oos-Pruise, gebore en het aan die Universiteit van Königsberg studeer. In 1623 het Weissel predikant van die nuutgeboude Altrossgärter Kirche in Königsberg geword. In dieselfde jaar het hy die bekende Adventslied *Macht hoch die Tür, die Tor macht weit* geskryf. Die lied gebruik die beeld uit Psalm 24 van die poorte wat oopgemaak word vir die Koning van die heerlikheid. In Advent word dit 'n uitnodiging om ons harte vir Christus wat kom oop te maak.

Die Afrikaanse vertaling
Die Duitse lied is in 1934 deur eerwaarde J Baumbach in Afrikaans vertaal. Die vertaling is in dieselfde jaar in die bundel *Cantate* opgeneem. Hierdie bundel is saamgestel vir gebruik deur die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika. Die teks is later deur Izak de Villiers vir die 1978-bundel versorg en daarna verder aangepas vir die *Liedboek van die Kerk* (2001).

Die melodie
Hoewel Georg Weissel se lirieke reeds uit 1623 dateer, is die bekende melodie wat ons vandag sing eers later gekomponeer. Dit het in 1704 in Johann Anastasius Freylinghausen se *Geistreiches Gesangbuch* verskyn. Halle was in daardie tyd 'n belangrike sentrum van die Duitse Piëtisme, 'n beweging wat groot klem gelê het op persoonlike geloof en 'n lewe van toewyding aan God.

Liturgiese gebruik
Maak oop die poorte, deure, wyd! is veral geskik vir die Adventstyd. Die lied bring die boodskap van Christus wat kom en van die gemeente wat Hom as Koning verwelkom.

Luister ***hier*** na die Duitse weergawe. Die volledige begeleidingsnit, bladmusiek en PowerPoint-aanbieding is ***hier*** beskikbaar vir gemeentes wat op Missio ingeteken is.

Pieter van den Berg
(Pretoria-Oos)

GEDAGTE

Hoop

Toe my oë te dof was om jou te sien
Toe my ore te doof was om jou te hoor
Toe my vingers jou nie meer kon voel nie
Toe het my hart vir 'n oomblik gestop

Ek kyk, maar ek sien niks
Ek luister, maar ek hoor niks
Ek vat, maar ek voel niks

Nou is my oë soos 'n kameralens
Ek kyk weer wyer oor elke grens
My ore weer ingestel soos antennas
Ek het weer nuwe hoop,
Ek het weer 'n hartklop
Ek kan weer aanhou loop

Alles wat ek het is uniek, nie met geld gekoop
Niks en niemand kan my meer stroop
My naam kry nuwe betekenis, so gedoop
My anker is HOOP

Brigitte Cyster

https://www.avbobpoetry.co.za/Poem/ViewAll

FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

Enige tyd

GEMEENTE ERASMIA: KWALITEIT BRAAIHOUT

Kom koop jou Thabazimbi-braaihout by ons.

R30 per 8 kg-sakkie. Aflewering in die Pretoria-omgewing ingesluit.

076 336 5739 (Johan Otto)

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

Reis terug in tyd by die SP Engelbrecht-museum!

Ontdek kosbare kerk- en kultuurskatte en bring familie en vriende saam.

Besoeke per afspraak: **R40** per persoon.
Bespreek by **ds Johann de Bruin**: **082 733 3951** of **careljohann@gmail.com**.

TOERUSTING

Die **Sentrum vir Kontemplatiewe Spiritualiteit** het die voorlopige datums vir hulle kursusse in 2027 bekend gemaak:

- 21-25 Junie: Inleiding (Origins Retreatsentrum)
  Geloofsreis
  Geloofspraktyke
  Stilte
- 24-26 Augustus: Beeld van God (Ooskerk, Pretoria)
- 19-21 Oktober: Die lewe van luister (Ooskerk, Pretoria)

Kontak dr André Ungerer by **andre@nhk.co.za** vir meer inligting.

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; vyf jaar deeltyds

Toelatingsvereistes:
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie.

“Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk.”

Inskrywings vir Februarie 2027 kan nou gedoen word.

Maak 'n verskil in die Koninkryk van God

SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Navrae: Ds Bouwer Serfontein E-pos: ministry@skillspro.co.za Selnommer: 082 339 7854

JONG VOLWASSENES

NHSV-Studieleningsfonds 2027: Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die studielenings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2027.

Is jy in 2027 'n Matie?

Stellenbosch Hervormde gemeente wil jou graag ontmoet en ondersteun in die oorgang van hoërskool na studentelewe!

Kom woon gerus ons aanvangskamp by.
Eerstejaar of senior, almal is welkom.
Datum: 24 tot 26 Januarie 2027.
Ons kom 24 Januarie 14:00 by die kerkgebou bymekaar.
Koste: R500 per persoon.



Kontak ons gerus, en ons stuur dan al die besonderhede: dr Chris le Roux by cleroux@mweb.co.za, 079 495 3239, of ds Elizabeth Rossouw, by 3erossouw@gmail.com, +264 81 833 7022 (whatsapp), 078 032 3819 (bel).

Klik ***hier*** vir Gemeente Stellenbosch se inligtingsbrief oor die aanvangskamp.

BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

HEERLIKE KOEKIES VIR DIE FEESTYD!

Vir jou Kersfeestafel, geskenke en daardie lekker saamkuier-oomblikke.

NOG KERSGESKENKE NODIG?
Ontdek ook ons resepteboek, bekers en pette!

Bestel nou by www.onstuis.org of stuur 'n e-pos na info@otmt.org / machtadmin@otmt.org

ONS TUIS
DEK DIE Tafel
ONS TUIS
Resep vir GELUK: koekies & tee
Gemengde koekies

GEBED VIR DIE WEEK

Hemelse Vader,

Soms voel dit vir my of ek nie woorde het om te bid nie.
Ek weet nie altyd wat om vir U te sê nie.
Wat sê ek vir Iemand wat in elke opsig volmaak is?
Help my om te onthou dat U graag van my wil hoor.
Gee my die selfvertroue om my hart teenoor U oop te maak, maar op 'n respekvolle wyse.
Laat hierdie openhartige gesprekke my asseblief na 'n dieper sin van ontsag, bewondering en liefde vir U lei.
Leer my hoe om met U te praat en maak my dan gretig om dit elke dag te doen.

In die Naam van Jesus,

Amen.

https://blog.youversion.com/af_ZA/2021/04/vyf-gebede-om-geestelike-te-groei/

REDAKTEUR	SUBREDAKTEUR	KOÖRDINEERDER	UITLEGKUNSTENAAR	JOERNALIS
Ds David Barnard	Ds Mariët Robbertze	Mej Sanet du Plessis	Mnr Hugo van Niekerk	Ds Iwana Kruger